



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2025

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n formuleblad
en 'n 8 bladsy-antwoordeboek.



Testpapers.co.za



Testquestions.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Begrippe en Staat van Omvattende Inkomste	55	45
2	Staat van Finansiële Posisie en Notas tot die Finansiële State	50	40
3	Finansiële Aanwysers en Vertolking van Finansiële State	35	25
4	Besigheidsetiek en AARP-beginsels	10	10
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BEGRIPPE EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**(55 punte; 45 minute)**

1.1 Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 ... is 'n stel beginsels waarvolgens finansiële state opgestel word.

1.1.2 ... is 'n toegerekende uitgawe.

1.1.3 ... is die oorblywende waarde van 'n bate nadat dit ten volle afgeskryf is.

1.1.4 Die ... beginsel bepaal dat alle inkomste wat verdien word en uitgawes wat aangegaan word, in dieselfde finansiële periode getoon moet word. (4)

1.2 Die volgende inligting het betrekking op die finansiële rekords van Lee-way Handelaars. Hul finansiële jaar eindig op 30 Junie elke jaar.

GEVRA:

Verwys na inligting B (i) en bereken die volgende:

1.2.1 Wins of verlies met die verkoop van die voertuig. (5)

1.2.2 Totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. (6)

1.3 Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 op. (40)

INLIGTING:**A Lys van sommige van die saldo's en totale van Lee-way Handelaars op 30 Junie 2025.**

	R
Lening	1 455 000
Handelsvoorraad	264 000
Voertuie	580 000
Toerusting	450 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/7/2024)	210 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	168 000
Vaste deposito: Amandla Bank (8,5%)	180 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1/07/2024)	9 296
Debiteurekontrole	168 100
Verkope	8 230 200
Koste van verkope	?
Salarisse en lone	512 500
Water en elektrisiteit	16 500
Oninbare skulde	7 100
Huurinkomste	98 800
Versekering	89 600
Oninbare skulde verhaal	5 100
Herstelwerk	11 600
Verbruiksgoedere	18 000
Rente op vaste deposito	4 000
Rente op lening	?
Diverse uitgawes	174 500

B Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Op 28 Februarie 2025 is 'n ou voertuig vir R98 000 ingeruil vir 'n nuwe een wat R180 000 kos. Die voertuig is oorspronklik vir R220 000 gekoop en die drawaarde daarvan op 1 Julie 2024 het R126 000 beloop. Geen inskrywing is in die boeke vir hierdie transaksie gemaak nie.

LET WEL: Waardevermindering word teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode bereken.

- (ii) Totale waardevermindering op toerusting ten bedrae van R89 400 moet nog in berekening gebring word.
- (iii) 'n Kredietnota vir R2 200, uitgereik aan 'n debiteur, A. Smuts, vir goedere wat onderweg heeltemal beskadig is, is nie aangeteken nie. Goedere word teen 'n winsopslag van 120% op kosprys gemerk.
- (iv) Verskeie debiteure het agterstallige rekeninge gehad. Die besigheid het besluit om hul rekeninge ter waarde van R3 080 af te skryf. Voorsiening vir oninbare skulde moet dan aangesuiwer word tot 5% van debiteure.

- (v) 'n Bedrag van R3 800 wat vir herstelwerk aan die geboue betaal is, is verkeerdlik teen grond en geboue gedebiteer.
- (vi) Ongebruikte eiendom is op 1 September 2024 verhuur. Die huurder het huur vir Julie en Augustus vooruit betaal omdat sy met vakansie gegaan het.
LET WEL: Huur is met R400 per maand verlaag vanaf Januarie 2025.
- (vii) 'n Jaarlikse versekeringspremie is op 1 Oktober 2024 aan Ecco-versekeraars betaal. 'n Verhoging van 10% is vanaf 1 Februarie in werking gestel volgens die getekende ooreenkoms.
- (viii) 'n Water- en elektrisiteitsrekening van R405 vir Junie 2025 is ontvang, maar nog nie betaal nie.
- (ix) 'n Nuwe werknemer wat op 1 Junie 2025 by die besigheid aangesluit het, is uit die Salarisjoernaal gelaat.
Aftrekkings bereken teen 18% van sy salaris het R3 600 beloop. Die besigheid dra 'n totaal van R2 200 namens hierdie werknemer tot die WVF en pensioenfonds by.
- (x) Fisiese voorraadtelling op 30 Junie 2025 het die volgende aan die lig gebring:
- Handelsvoorraad voorhande, R259 500
 - Verbruiksgoedere ter waarde van R13 250 is gedurende die jaar gebruik.
- (xi) 'n Bykomende vaste deposito van R60 000 is halfpad deur die jaar by Amandla Bank geplaas. Hierdie transaksie is behoorlik aangeteken.
Maak voorsiening vir die uitstaande rente.

VRAAG 2: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS**(50 punte; 45 minute)**

Vennote Osna en Long is eienaars van die besigheid, Oslo Handelaars.
Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

- 2.1 Voltooi die Handels- en ander Ontvangbares-nota op 28 Februarie 2025. (7)
- 2.2 Voltooi die Privaatrekening-nota op 28 Februarie 2025. (18)
- 2.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2025. (25)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2025.**

	R
Kapitaal: Osna	450 000
Kapitaal: Long	500 000
Privaatrekening: Osna (1 Maart 2024)	34 800 (Kt)
Privaatrekening: Long (1 Maart 2024)	28 900 (Dt)
Onttrekkings: Osna	159 200
Onttrekkings: Long	88 600
Vaste bates teen drawaarde	1 864 500
Lening: Otto Bank	?
Handelsvoorraad	296 400
Debiteurekontrole	226 000
Wisselgeld en kleinkas	5 600
Spaarrekening	140 000
Bankoortrekking	?
Voorsiening vir oninbare skulde	7 000
Krediteurekontrole	119 800
Opgelope uitgawes	6 900
SAID: LBS	7 750

B. Vennootskapsooreenkoms het die volgende bepaal:

- Die vennote is geregtig op 12% rente op hul kapitaal. Osna het sy kapitaal verhoog deur R150 000 kontant op 1 September 2024 by te dra. Hierdie transaksie is in die boeke aangeteken.
- Vennote is geregtig op 'n salaris van R360 000 per jaar. Daar is egter besluit om Long se salaris met 15% per jaar te verhoog, effektief vanaf 1 Desember 2024, weens verhoogde administratiewe pligte.
- Vennote ontvang hul bonusse in Desember elke jaar en hulle is geregtig op 'n bonus gelykstaande aan hul Desember salaris.
- Oorblywende winste of verliese word tussen die vennote verdeel deur hul kapitaalsaldo's aan die einde van die jaar te gebruik. Long het R85 800 as sy sekondêre verdeling ontvang.

C. Onttrekkings:

Geen inskrywings is in die boeke gemaak vir 'n rekenaar wat op 28 Februarie 2025 deur vennoot Long geneem is nie. Die volgende besonderhede is uit die Vaste Bateregister rakende die rekenaar verkry:

- Kosprys, R18 000.
- Opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2024, R9 000.
- Waardevermindering vir die huidige jaar op hierdie rekenaar was R1 400.

D. Addisionele inligting:

- Debiteure met kredietsaldo's van R3 800 moet na die krediteuregrootboek oorgeplaas word.
- Ongebruikte skryfbehoeftes ter waarde van R1 200 is op 28 Februarie 2025 deur 'n voorraadopname aan die lig gebring.
- Op 25 Februarie 2025 is voorraad met 'n kosprys van R18 000 gesteel tydens 'n inbraak by die pakhuis. Versekering het ingestem om 80% van die eis te betaal om die verlies te dek. Die bepalinge en voorwaardes van die versekeringspolis bepaal dat versekeringseise 15 dae neem om verwerk te word vanaf die dag van indiening van die eis. Geen inskrywings is in die boeke gemaak om hierdie transaksie aan te teken nie.
- R2 800 ontvang van 'n debiteur, A. Carl, wie se skuld voorheen afgeskryf is, is in die debiteurekontrolekolom in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken en as sodanig geboek.
- Die leningsstaat wat op 28 Februarie 2025 van Otto Bank ontvang is, het die volgende getoon:

Saldo op 1 Maart 2024	808 600
Maandelikse terugbetalings, insluitend rente	19 200
Rente gekapitaliseer, gedurende die jaar	96 000
Saldo op 28 Februarie 2025	?

Die besigheid beplan om R60 000 van die leningsaldo gedurende die volgende finansiële jaar af te betaal.

- Die bedryfsverhouding is op 28 Februarie 2025 as 2,5 : 1 bereken.

**VRAAG 3: FINANSIËLE AANWYSERS; ONTLEDING EN VERTOLKING VAN
FINANSIËLE STATE** (35 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Asiya Clothing Boutique vir die jaar geëindig 31 Desember 2025, tesame met vergelykende syfers vir 2024. Die besigheid is in besit van twee vennote, Asmal en Yamiz.

GEVRA:

- 3.1 Hieronder is 'n lys van begrippe wat vrae oor die vertolking van finansiële state beantwoord.

Kies die begrip wat VRAAG 3.1.1 tot VRAAG 3.1.4 beantwoord.

Likiditeit, opbrengs op ekwiteit, hefboomfinansiering, solvensie, bedryfsdoeltreffendheid

- 3.1.1 Is die besigheid 'n goeie belegging vir die vennote?
- 3.1.2 Het die besigheid beheer oor sy inkomste en uitgawes?
- 3.1.3 In watter mate word die besigheid deur lenings gefinansier?
- 3.1.4 Kan 'n besigheid al sy skuld gemaklik afbetaal? (4)
- 3.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 31 Desember 2025. Toon ALLE berekeninge.
- 3.2.1 Bedryfsuitgawes op verkope (3)
- 3.2.2 Vuurproefverhouding (4)
- 3.2.3 Voorraadomssetsnelheid (5)
- 3.3 In al die vrae hieronder moet jy:
- Finansiële aanwysers, syfers en tendense aanhaal.
- 3.3.1 **Winsgewendheid**
Lewer kommentaar oor of die besluit wat deur die vennote geneem is rakende die winsopslag % wat behaal is, die besigheid bevoordeel het of nie. Haal syfers aan. (2)
- 3.3.2 **Likiditeit**
Lewer kommentaar oor die voorraadhoudingstydperk van die besigheid en die gemiddelde debiteure-invorderingstermyn. Stel maniere voor waarop dit in die toekoms verbeter kan word. (6)
- 3.3.3 **Risiko en hefboomfinansiering**
Vennoot Asmal is van mening dat dit voordelig vir die besigheid was om die lening gedurende die jaar te betaal.
- Lewer kommentaar oor hoe hierdie besluit die risiko van die besigheid beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser aan. (3)
 - Behalwe vir die afbetaling van die lening, watter ander moontlikhede kan vennote ondersoek wat 'n positiewe impak op die finansiële risiko van die besigheid sal hê? Noem TWEE punte. (4)

3.3.4 Opbrengs op eienaarsbelang

Behoort vennoot Yamiz tevrede te wees met die opbrengste wat hy uit die vennootskap kry? Lewer kommentaar en haal EEN finansiële aanwyser aan.

(4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste**

	2025	2024
Verkope	1 760 000	1 410 000
Bruto wins	660 000	528 750
Bedryfsuitgawes	334 400	296 100
Bedryfswins	385 100	360 000
Netto wins vir die jaar	325 600	318 400

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie

	2025	2024
Nie-bedryfsbates	2 334 000	2 140 000
Bedryfsbates		
Voorrade	304 000	256 000
Handels- en ander ontvangbares	236 000	196 400
Kontant en kontantekwivalente	165 600	209 000
Vennote se belang	651 200	626 800
Nie-bedryfslaste	395 000	490 000
Bedryfslaste	596 000	401 200

C. Finansiële aanwysers

	2025	2024
Bedryfsuitgawes op omset	?	21%
Winsopslag % behaal	60%	70%
Bedryfsverhouding	2,1 : 1	2,2 : 1
Vuurproefverhouding	?	1,0 : 1
Vorraadomsetsnelheid	?	5,4 keer
Skuld-ekwiteitsverhouding	0,6 : 1	0,7 : 1
Vorraadhouingstydperk	94 dae	68 dae
Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	45 dae	32 dae
Gemiddelde krediteure-betalingstermyn	40 dae	40 dae
Opbrengs op vennote se belang	51%	49,8%
Opbrengs verdien deur vennoot Asmal	26%	29,4%
Opbrengs verdien deur vennoot Yamiz	25%	20,4%
Rentekoers op lenings	13,5%	13,5%
Rentekoers op vaste deposito	12,5%	11,5%

VRAAG 4: BESIGHEIDSETIEK EN AARP-BEGINSELS (10 punte; 10 minute)

Jose en Roman is vennote in die besigheid genaamd Joeman Handelaars. Hulle het drie jaar gelede hul besigheid begin wat skootrekenaars verkoop en herstel. Hulle het ooreengekom en besigheidsetiek en 'n gedragskode opgestel wat deur alle lede gevolg moet word.

Roman het onlangs 'n sakeooreenkoms met 'n nuwe verskaffer van Noordwes aangegaan wat belowe het om hom beter aanbiedinge op skootrekenaars en verbruiksgoedere te kry, mits hy tot 'n paar bepalinge en voorwaardes instem.

Terme en voorwaardes het die volgende ingesluit:

Die besigheid moet instem om goedere van nie minder as R100 000 elke maand te bestel nie, maar slegs 50% hiervan moet in die besigheidsboeke aangeteken word en die res sal verkoop word en die opbrengs sal tussen Roman en die verskaffer verdeel word. Roman sal ook 'n aansporing van R10 000 elke maand van die verskaffer kry.

Roman het ook 'n skootrekenaar vir sy dogter geneem, maar het nie hierdie transaksie in die boeke van die besigheid aangeteken nie en ook nie vir sy vennoot Jose daarvan vertel nie.

- 4.1 Verduidelik wat met die begrip 'besigheidsetiek' bedoel word. (2)
- 4.2 Watter AARP-beginsel het Roman oortree toe hy 'n skootrekenaar van die besigheid geneem het, maar hierdie transaksie nie aangeteken het nie? Verduidelik hierdie beginsel kortliks om jou antwoord te staaf. (2)
- 4.3 Verduidelik watter bekommernisse Jose moet hê wanneer hy van sy vennoot se optrede uitvind. Noem DRIE punte. (6)

10**TOTAAL: 150**

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE ANWYSERS

$\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Nettowins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie bedryfslaste : Eienaarsbelang	Totale bates : Totale laste	



Naam:

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2025

**REKENINGKUNDE V1
ANTWOORDEBOEK**

VRAAG	MAKS. PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE	
			Skool	Distrik
1	55			
2	50			
3	35			
4	10			
	150			

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 8 bladsye.



VRAAG 1**1.1 BEGRIPPE**

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	

4

1.2.1

Bereken die wins of verlies met die verkoop van die voertuig.	
BEWERKINGS	ANTWOORD

5

1.2.2

Bereken totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 30 Junie 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD

6

1.3 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

Verkope (8 230 200	
Koste van verkope	
Bruto wins	
Ander bedryfsinkomste	
Oninbare skulde verhaal	5 100
Huur-inkomste	
Bruto bedryfsinkomste	
Bedryfsuitgawes	
Salarisse en lone (512 500	
Diverse uitgawes	174 500
Water en elektrisiteit	
Oninbare skulde	
Versekering (89 600	
Herstelwerk (11 600	
Bedryfswins	
Rente-inkomste (4 000	
Wins voor rente-uitgawe	
Netto wins vir die jaar	3 404 470

40

TOTALE PUNTE
55

VRAAG 2

OSLO HANDELAARS

2.1 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE NOTA

Handelsdebiteure (226 000	

7

2.2 PRIVAATREKENING-NOTA OP 28 FEBRUARIE 2025

	Osna	Long
Salarisse van vennote	360 000	
Bonus		
Rente op kapitaal		60 000
Sekondêre verdeling		85 800
Onttrekkings	159 200	
Behoue inkomste		
Saldo aan die begin van die jaar	34 800	(28 900)
Saldo aan die einde van die jaar		

18

2.3 Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2025.

		R
Bates		
Nie-bedryfsbates		
Finansiële bates: Vaste deposito		
Bedryfsbates		
Vorrade (296 400		
Kontant en kontantekwivalente		
Totale bates		
Ekwiteit en Laste		
Eienaarsbelang		
Kapitaal		
Nie-bedryfslaste		
Lening		
(808 600		
Bedryfslaste		
Handels en ander betaalbares		
(119 800		
Totale ekwiteit en laste		

25

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 3**3.1 BEGRIPPE**

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	
3.1.4	

4

3.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 31 Desember 2025. Toon ALLE berekeninge.

3.2.1	Bedryfsuitgawes op verkope	
	BEWERKINGS	ANTWOORD

3

3.2.2	Vuurproefverhouding	
	BEWERKINGS	ANTWOORD

4

3.2.3	Vorraadomsetsnelheid	
	BEWERKINGS	ANTWOORD

5

3.3.1	Lewer kommentaar oor of die besluit wat deur die vennote geneem is rakende die winsopslag % wat behaal is, die besigheid bevoordeel het of nie. Haal syfers aan.

2

3.3.2

Lewer kommentaar oor die voorraadhoudingstydperk van die besigheid en die gemiddelde debiteure-invorderingstydperk.

Stel maniere voor waarop hierdie in die toekoms verbeter kan word.

Punt 1

Punt 2

6

3.3.3

Vennoot Asmal is van mening dat dit voordelig vir die besigheid was om die lening gedurende die jaar te betaal.

Lewer kommentaar oor hoe hierdie besluit die risiko van die besigheid beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser aan.

3

Behalwe vir die afbetaling van die lening, watter ander moontlikhede kan vennote ondersoek wat 'n positiewe impak op die finansiële risiko van die besigheid sal hê? Noem TWEE punte.

•

•

4

3.3.4

Behoort vennoot Yamiz tevrede te wees met die opbrengste wat hy uit die vennootskap kry? Lewer kommentaar en haal EEN finansiële aanwyser aan.

4

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1

Verduidelik wat met die term 'besigheidsetiek' bedoel word.

2

4.2

Watter AARP-beginsel het Roman oortree toe hy 'n skootrekenaar van die besigheid geneem het, maar hierdie transaksie nie aangeteken het nie? Verduidelik hierdie beginsel kortliks om jou antwoord te staaf.

2

4.3

Verduidelik watter bekommernisse Jose moet hê wanneer hy van sy vennoot se optrede uitvind. Noem DRIE punte.

6

TOTALE PUNTE
10

TOTAAL: 150



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2025

REKENINGKUNDE V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyn, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui in nasienriglyn vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of - teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
9. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, soos kandidaat se berekening (indien geldig) wees, of soos per nasienriglyn.
11. Bewerkings: Moenie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

VRAAG 1

1.1 BEGRIPPE

1.1.1	AARP Beginsels ✓
1.1.2	Waardevermindering ✓
1.1.3	Skrootwaarde/ reswaarde /rommelwaarde ✓
1.1.4	Paring ✓

4

1.2.1

Bereken die wins of verlies met die verkoop van die voertuig.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$126\,000 \times 20\% \times 8/12 = 16\,800$ ✓ ☒ $DW = 126\,000 - 16\,800 = 109\,200$ $W/V = 98\,000$ ✓ – $109\,200$ ☒	$(11\,200)$ ☒ Een deel korrek Hoef nie tussen hakies te wees nie

5

1.2.2

Bereken totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
Verkoop = $16\,800$ ☒ sien 1.2.1 $Oud = (580\,000 - 210\,000 - 126\,000) \times 20\% = 48\,800$ ✓ ☒ OF $(580\,000 - 220\,000) - (210\,000 - 94\,000) \times 20\%$ $Nuut = 180\,000 \times 20\% \times 4/12$ ✓ = $12\,000$ ☒	$77\,600$ ☒ een deel korrek

6

1.3 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

Verkope (8 230 200 – 2 200 ✓)	8 228 000 ☒
Koste van verkope (8 230 200 ☒ x 100/220 ✓)	3 741 000 ☒
Bruto wins bewerking	4 487 000 ☒
Ander bedryfsinkomste	88 855 ☒
Oninbare skulde verhaal	5 100
Huur inkomste (98 800 ✓ – 16 200 ✓✓)	82 600 ☒
#Voorsiening vir oninbare skulde-aans. (9 296 – 8 141)	1 155 ☒
Bruto bedryfsinkomste bewerking	4 575 855 ☒
Bedryfsuitgawes ignoreer hakkies	(1 014 135) ☒
Salarisse en lone 512 500 + 20 000 ✓✓ + 2 200 ✓)	534 700 ☒
Diverse uitgawes	174 500
Water en elektrisiteit (16 500 + 405)	16 905 ☒
Oninbare skulde (7 100 + 3 080)	10 180 ☒
Versekering (89 600 – 23 100 ✓✓)	66 500 ☒
Herstelwerk (11 600 + 3 800 ✓)	15 400 ☒
Verbruiksgoedere	13 250 ✓
\$Verlies met verkoop van bate sien 1.2.1	11 200 ☒
Waardevermindering (77 600 ☒ + 89 400 ✓) sien 1.2.2 Moet 89 400 bytel	167 000 ☒
Handelsvoorraadtekort (264 000 – 259 500)	4 500 ☒
Bedryfswins bewerking	3 561 720 ☒
Rente inkomste (4 000 + 8 750 ✓)	12 750 ☒
Wins voor rente-uitgawe	3 574 470 ☒
Rente-uitgawe balanseerende syfer	(170 000) ☒
Netto wins vir die jaar	3 404 470

40

☒ een deel korrek #mag as uitgawe getoon word. Kontroleer bewerkings van leerder
 \$ kan as n inkomste getoon word, kontroleer bewerkings in 1.2.1

VRAAG 2

OSLO HANDELAARS

2.1 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE NOTA

Handelsdebiteure (226 000 + 3 800 ✓ + 2 800 ✓)	232 600 ✓
Voorsiening vir slegte skulde	(7 000) ✓
Netto handelsdebiteure	225 600
Opgelope inkomste (versekeringseis) (18 000 x 80%)	14 400 ✓✓
	240 000 ✓

7

2.2 PRIVAATREKENING-NOTA OP 28 FEBRUARIE 2025.

OSLO HANDELAARS	Osna	Long
Salarisse van vennote	360 000	373 500 ✓✓
Bonus	30 000 ✓	34 500 ✓
Rente op kapitaal	45 000 ✓✓	60 000
Primêre verdeling	435 000 ✓	468 000 ✓
Sekondêre verdeling	77 220 ✓✓	85 800
Netto wins volgens SVOI	512 220 ✓	553 800 ✓
Onttrekkings	(159 200)	(96 200) ✓✓
Behoue inkomste	353 020 ✓	457 600 ✓
Saldo aan die begin van die jaar	34 800	(28 900)
Saldo aan die einde van die jaar	387 820 ✓	428 700 ✓

18

✓ bewerking

2.3 Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2025

		R	
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Vaste bates (1 864 500 - 7 600 ✓ - 1 400 ✓)		1 855 500	✓
Finansiële bates: Vaste deposito			
Bedryfsbates		665 200	✓
Vorrade (296 400 + 1 200 ✓ - 1 8 000 ✓)		279 600	✓
Handels- en ander ontvangbares	sien 2.1	240 000	✓
Kontant en kontantekwivalente (140 000 ✓ + 5 600 ✓)		145 600	✓
Totale bates			
Ekwiteit en Laste			
Eienaarsbelang		1 766 520	✓
Kapitaal		950 000	✓
Privaatrekeninge (387 820 + 428 700)	sien 2.2	816 520	✓
Nie-bedryfslaste		614 200	
Lening (808 600 - 230 400 ✓ + 96 000 ✓ - 60 000 ✓)		614 200	✓
Bedryfslaste (665 200 sien bedryfsbates ÷ 2.5)		266 080	✓
Handels en ander betaalbares (119 800 + 3 800 ✓ + 6 900 ✓ + 7 750 ✓)		138 250	✓
Oortrokke bankrekening		67 830	✓
Korttermyn gedeelte van lening		60 000	✓
Total ekwiteit en laste			

25

VRAAG 3

3.1 BEGRIPPE

3.1.1	Opbrengs op ekwiteit ✓
3.1.2	Bedryfsdoeltreffendheid ✓
3.1.3	Hefboomfinansiering ✓
3.1.4	Solvabiliteit ✓

4

3.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 31 Desember 2025. Toon alle berekeninge.

3.2.1 Bedryfsuitgawes op verkope	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{334\,400}{1\,760\,000} \times 100$	19% ☒
	een deel korrek

3

3.2.2 Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$236\,000 + 165\,600 : 596\,000$	$0,67 : 1 / 0,7:1$ ☒
	een deel korrek, moet x:1 wees

4

3.2.3 Voorraadomsetsnelheid	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{1\,760\,000 - 660\,000}{\frac{1}{2} (304\,000 + 256\,000)}$	3,9 times ☒
	een deel korrek

5

3.3.1 Lewer kommentaar oor of die besluit wat deur die vennote geneem is rakende die winsopslag % wat behaal is, die besigheid bevoordeel het of nie. Haal syfers aan.

Een geldige punt met betrekking tot verkope met syfers ✓✓

Dit het die besigheid bevoordeel omdat verkope van 1 410 000 tot 1 760 000/ met 350 000/ met 24,8% gestyg het.

2

3.3.2

Lewer kommentaar oor die voorraadhoudingstydperk van die besigheid en die gemiddelde debiteure-invorderingstydperk.

Syfers en tendense ✓ ✓

- Die voorraadhoudingstydperk het van 68 dae tot 94 dae toegeneem.
- Gemiddelde debiteure se invorderingstydperk het van 32 dae tot 45 dae toegeneem.

Stel maniere voor waarop hierdie in die toekoms verbeter kan word.

Punt 1	Enige geldige punt met betrekking tot die voorraadhoudingstydperk ✓✓ Adverteer voorraad / Verkoopspromosies / Verlaag verkoopprijs om verkope te verhoog / Koop hierdie produkte volgens bestellings.
Punt 2	Enige geldige punt met betrekking tot debiteure se invorderingstydperk ✓✓ Stuur herinnerings aan debiteure / hef rente vir laat betalings / bied afslag vir vroeë betalings / Stop verkope op rekening aan debiteure totdat hulle uitstaande bedrae het.

6

3.3.3

Vennoot Asmal is van mening dat dit voordelig vir die besigheid was om die lening gedurende die jaar te betaal.

Lewer kommentaar oor hoe hierdie besluit die risiko van die besigheid beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser aan.

Finansiële aanwyser ✓ syfers en tendens ✓ effek op risiko ✓

Skuld-ekwiteitsverhouding het van 0,7:1 tot 0,6:1 gedaal. Steeds op hoë risiko.

3

Behalwe vir die afbetaling van die lening, watter ander moontlikhede kan vennote ondersoek wat 'n positiewe impak op die risiko van die besigheid sal hê? Noem TWEE punte.

Enige twee geldige punte ✓✓ ✓✓

- Verhoog hul kapitaalbydraes
- Neem 'n nuwe vennoot/vennote aan

4

3.3.4

Behoort vennoot Yamiz tevrede te wees met die opbrengste wat hy uit die vennootskap kry? Lewer kommentaar en haal een finansiële aanwyser aan.

Kommentaar oor opbrengs verdien deur Yamiz ✓✓ Vergelyking met rente op alternatiewe belegging ✓✓

Opbrengs verdien deur Yamiz het toegeneem van 20,4% tot 25%.
Opbrengs verdien deur Yamiz (25%) is bo rente op vaste deposito van 12,5%, wat aandui dat belegging in die besigheid beter is.

4

VRAAG 4

4.1

Verduidelik wat met die term 'besigheidsetiek' bedoel word?

Enige geldige punt ✓✓

Besigheidsetiek is stelling reëls en gedrag wat 'n onderskeid bied tussen regte en verkeerde gedrag in die sake-omgewing.

2

4.2

Watter AARP-beginsel het Roman oortree toe hy 'n skootrekenaar van die besigheid geneem het, maar hierdie transaksie nie aangeteken het nie? Verduidelik hierdie beginsel kortliks om jou ANTWOORD te staaf.

Identifisering van korrekte AARP-beginsel ✓

Verduideliking met betrekking tot die korrekte beginsel wat geïdentifiseer is ✓

Besigheidsentiteitsreël:

Sake-aangeleenthede moet apart van die finansiële sake van die eienaars gehou of aangeteken word. / Wanneer goedere of kontant deur die eienaar vir persoonlike gebruik geneem word, moet dit as onttrekkings in die boeke van die besigheid aangeteken word.

2

4.3

Verduidelik watter bekommernisse Jose moet hê wanneer hy van sy vernoot se optrede uitvind. Noem DRIE punte.

Ope vraag:

Enige DRIE geldige punte ✓✓ ✓✓ ✓✓

Deelpunte vir onduidelike / onvolledige antwoorde

- Roman het oneties opgetree vir sy persoonlike gewin / belangebotsing en behoort dissiplinêre maatreëls in die gesig te staan.
- Roman het finansiële verlies aan die besigheid veroorsaak vir sy selfsugtige gewin / Hy behoort die geld wat hom onwettig bevoordeel het ten koste van die besigheid terug te betaal.
- Hy het nie die besigheid se gedragskode en etiek gevolg nie / Strafregtelike aanklagte behoort teen hom aanhangig gemaak te word.

6

10

TOTAAL: 150